# 4 *Vrydag*

**SKRIFLESING: OBADJA VERS 1-14**
**FOKUSGEDEELTE: OBADJA VERS 1, 2, 10, 11**

## Edom – Moenie onbetrokke wees by jou broer in nood nie

Wat Edom (rooi) gedoen het, is seker een van die lelikste dinge wat 'n mens kan doen: om jou in die swaarkry van 'n ander te verlekker – en dit nog in die ellende van jou broer.

Edom is die nageslag van Esau. Israel is die nageslag van Jakob. Wat met Edom gaan gebeur, lê nog in die toekoms. Hierdie besluit is egter reeds deur die Here in die hemel geneem. God gaan Edom straf vir wat hy aan Juda gedoen het. Die verloop van alles wat in die wêreld gebeur, word deur God beheer en bestuur. Oorlog en vrede is nie dinge wat op die aarde besluit word nie. Nasies en mense is net werktuie in God se hand wat sy besluite moet uitvoer. Niks gebeur toevallig nie.

Vraag en Antwoord 27 Heidelbergse Kategismus: "Lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede, kom alles uit sy Vaderhand. Daarom kan ons gelowiges rustig wees in alles wat in ons lewens en in die wêreld gebeur."

Daar is min dinge so lelik soos familietwis. Toe hy sy broer moes help, het hy sy rug op hom gedraai. Dis hoe onbetrokkenheid lyk. Edom wou nie by die saak van die Here betrokke wees nie. In Jerusalem was die tempel. God se woonplek by sy volk. Uit Juda moet die Christus kom.

Jerusalem is beeld van God se kerk. As die kerk van die Here aangeval word, mag niemand onbetrokke bly nie. In ons tyd word die kerk op baie maniere aangeval. Lasterlike dinge word gesê. Onbetrokke toeskouers.

Kyk na jou betrokkenheid by jou geloofsfamilie. Broeder- en susterbande. Familie deur Jesus Christus se verdienste.

*Sing: Psalm 133:1, 2 (1936)*

*Ds. LM (Lourens) Kruger (Uitenhage)*